Besluit van die

Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis

(VDDG)

vir deursending aan aan al die

Sinodes van die kerke van die NG Kerkfamilie

Die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis (VDDG) wat bestaan uit die Diens en Getuienis bedieninge van die NG Kerk, Verenigende Gereformeerde Kerk, NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa, het tydens sy vergadering van 2 - 3 Junie 2008 ‘n indringende bespreking gehou oor die krisis in ons land as gevolg van die xenofobiese aanvalle op buitelanders wat hulle in Suid-Afrika bevind.

1. Ons het met dank kennis geneem van, en vereenselwig ons van harte met, die sterk standpunte en verklarings wat die afgelope weke van die moderature en ander liggame van die lidkerke van die N G Kerkfamilie in dié verband uitgegaan het.

2. Ons besef dat die voorkoms van xenofobie ‘n ingewikkelde saak is en nou verweefd is met die ekonomiese, sosiale en politieke realiteite van die samelewing waarin ons leef.

3. Ons bely ons eie tekortkominge en dié van ons plaaslike gemeenskappe om altyd liefdevol, sorgsaam en verdraagsaam teenoor mekaar én teenoor die vreemdelinge in ons land te wees.

4. Ons is diep dankbaar vir die inisiatiewe van medemenslikheid en liefdevolle sorg wat reeds in sinodes en gemeentes geneem word om die lot van noodlydendes te verlig. In dié verband wil ons graag daarop wys dat aksies op verskillende vlakke oor die korter- en langer termyn nodig is:

Dringende hulpverlening om aan die fisiese behoeftes van die noodlydendes te voldoen is noodsaaklik: die verskaffing van huisvesting, klere, komberse, voedsel, medisyne, ensovoorts. Gemeentes word aangemoedig om te besin oor hoe hulle eie kerklike fasiliteite in dié verband bebruik kan word.

Saam met direkte hulpverlening is ‘n *liefdevolle teenwoordigheid* nodig. Predikante en lidmate wat noodlydendes besoek, hulle aanmoedig en vir hulle bid, speel ‘n baie groot rol.

‘n Volgende fase is die *herintegrasie van die vlugtelinge in die samelewing* waaruit hulle verdryf is. Hier kan lidmate van die N G Kerkfamilie op plaaslike vlak ‘n besondere voorbeeld stel, onder meer deur van die vlugtelinge aan huis te ontvang, hulle saam te nooi kerk toe én hulle daar tuis te laat voel.

Op die langer termyn sal baie aandag aan *versoening in al die gemeenskappe* van ons land gegee moet word. Geleenthede sal geskep moet word vir gemeentes én lidmate om as brugbouers in die samelewing op te tree.

5. Ons wil die gemeentes van die N G Kerkfamilie aanmoedig om mekaar - én ook ander - se hande in die proses te neem en om sáám betrokke te raak. As daar ooit ‘n tyd was waarin dit nodig was om as getroue dissipels van Jesus Christus te leef, is dit nou. Só kan een van die grootste verleenthede in die resente geskiedenis van ons land, in ‘n ewe groot geleentheid omskep word om die liefde en sorg van die Here in ‘n stukkende wéreld – ook in ons eie geledere – sigbaar en ervaarbaar te maak.

Junie 2008